Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 5
Mei 2005

OMGAAN MET AARDSE GOED

Besit is ‘n belangrike dryfveer van die menslike lewe. Baie maatskaplike en politieke organisasies is veranker in, of verabsoluteer selfs, een of ander vorm van besit. Daar is kapitalisme, sosialisme, kommunisme, materialisme. Dit geld ook vir Suid-Afrika. Daar is min lande in die wêreld waar, as onderdeel van die daaglikse nuus, soveel aandag gegee word aan die koers van aandele, die prys van minerale en landbouprodukte en die nasionale lotery. Hierdie sake lyk uiters belangrik vir mense, amper lewensbelangrik.

Is dit anders by Christene? Word ons lewe nie ook maar in ‘n groot mate bepaal deur roerende en onroerende goedere nie? Een van die seëninge wat die Here in die Ou Testament aan die volk Israel gegee het as hulle Hom dien, was ‘n oorvloedige lewe, in voorspoed en welvaart (Deut. 28 :1-14). Geld dit ook nog vir ons, in materiële opsig? Of moet ons alles met mekaar deel soos in die Nuwe-Testamentiese kerk in Jerusalem (Hand. 4:32), terwyl Paulus blykbaar later in die susterkerke kollektes moes reël vir hulle as hulpbehoewende kerk (1 Kor. 16:1-3)?

Hoe ons omgaan met ons besittings word ook bepaal deur die samelewing waarin ons woon. Vroeëre samelewingsverbande is gekenmerk deur landbou en veeteelt. Hier het meerdere families saamgewoon en -gewerk. Ons industriële samelewing, salarisse en lewenskoste laat egter nouliks meer toe dat een broodwinner meerdere gesinne onderhou. Terwyl jy nog werk, moet daar ook voorsiening gemaak word vir die tyd na (gedwonge) aftrede, werkloosheid, siekte, onderwys, ens. Daar is ook so baie Christelike en ander organisasies wat ons ondersteuning nodig het. Daarom is daar wel gesê: “Gereformeerdes sal nooit ryk wees nie”.

Bepalend, ook vir ons omgang met materiële besittings, is die taak wat God aan die mense gegee het in sy skepping, naamlik om hul “kultuurmandaat” uit te voer (Gen. 1:28). God gee ons hierin ‘n baie omvattende opdrag, wat nie deur die sondeval weggeneem is nie. Dit is die sin van die skepping en die menslike bestaan. Om hierdie opdrag te kan uitvoer, gee God ons ook die middele wat daarvoor nodig is. *Alles* wat ons het (gesondheid, tyd, kragte, talente, besittings, ens.) moet in diens staan van God se opdrag aan ons, tot eer van God. Dit het vroeër gegeld, maar dit geld nou nog steeds. Ons is rentmeesters wat met gegewe goed in God se diens is. Daarom is dit ook reg dat ons niks kan saamneem as ons sterf nie.

Die redaksie vertrou dat u met die lees van die artikels in hierdie uitgawe beter sig kry op die (verantwoorde) manier waarop ons moet omgaan met ons aardse goed, tot eer van God en ook tot heil van ons naaste.

JM

In Hierdie Uitgawe

Tema: Omgaan met aardse goed

- **Arbeidsverhoudinge 2**
- **Luther en die ekonomie 3**
- **Werkersdag 5**
- **Verkoop julle besittings 7**
- Bybelboek: Jakobus 9
- Watertekorte en Klimaatsverandering 11
- Die kollekte 13
- Bewonder en bewaar hierdie skat 15
- Sinode 2005 GKNv 17
- Diakonale gemeente 19
- In Memoriam: Dalene Matthee 20

ARBEIDSVERHOUDINGE

M. van Renssen

TEMA: OMGAAN MET AARDSE GOED

Die aanstelling of ontheffing van direkteure van maatskappye word bepaal deur wat in Engels bekend staan as "articles of association" in terme van die Maatskappyewet. Die aandeelhouers van maatskappye is verantwoordelik vir hierdie besluite by algemene vergaderinge. Die vraag is of direkteure beskerm word deur die arbeidswette van ons land teen byvoorbeeld onbillike afdankings.

Die gemiddelde man op straat het heel moontlik reeds belangstelling verloor tydens die lees van die probleemstelling hierbo. Dié van ons wat nie met arbeidswette van ons samelewing bekend is nie, mag vind dat dit eerder makliker is om ons by ons eie beroep te bepaal en nie verder oor arbeidsverhoudinge hoef te dink nie.

Ons wil in dié artikel vir die man op straat raak aan van ons land se arbeidswette. Hierdie wette betrek ons almal op 'n daaglikse basis. Arbeidsverhoudinge is regtig nie so ingewikkeld soos dit op sigwaarde lyk nie.

Almal van ons bevind onsself daagliks in of by die een of ander werksplek waar spesifieke arbeidswette van toepassing is. Ons verwys na almal van ons, ook die wat nie werk nie. Voorbeelde van kontak met arbeidswette sal wees, die:

- Jong kind op die hoek van die straat wat groente of lekkers verkoop. Hierdie kind mag volgens wet nie jonger as 15 jaar wees nie,
- Die huiswerker wat in ons wonings werk. Ons wat sodanige persoon in diens het moet volgens wet Werkloosheidsversekeringsfonds bydraes maak.
- Die een of ander bekende rondom ons wat haar/sy werk skielik verloor, om nie te praat van
- Al die kleinbesigheidseienaars in ons midde wat miskien sukkel met afwesigheid van personeel.

Wette is reëls van ons gemeenskap wat daargestel is om orde en harmonie in ons gemeenskap te handhaaf. Nie te lank terug nie het ons land 'n groot wending gemaak wat arbeidswette aanbetref.

11 November 1996 was die datum van inwerkingtreding van die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge. Nie lank daarna nie het die Wet op Basiese Diensvoorwaardes ook 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Ons haal 'n paar uittreksels uit hierdie twee wette aan. Dit behoort 'n idee te gee waaroor die onderskeie wette handel.

a. Wet op Arbeidsverhouding nommer 66 van 1995,

Artikel 191(1)(a) bepaal: *"As daar enige dispuut is oor die regverdigheid van 'n afdanking, of 'n dispuut oor 'n onbillike arbeidspraktyk, mag die werker wat afgedank is of wat die bewering van 'n onbillike arbeidspraktyk gemaak het so 'n dispuut op skrif verwys na 'n bedingingsraad of in die afwesigheid van 'n bedingingsraad, na die CCMA."*

Artikel 213 definieer 'n staking as volg: *" 'n Staking beteken die gedeeltelike of algehele gesamentlike weiering om te werk, of die belemmering of verhindering van werk, deur persone wat in diens is of was by dieselfde werkgewer of by verskillende werkgewers, met die oog op die soeke na 'n oplossing van 'n grief of dispuut in verband met 'n aangeleentheid van gemeenskaplike belang tussen werkgewer/s en werkers …"*

Beleidriglyne van goeie praktyke rondom 'HIV Aids' bepaal in paragraaf 7.1.1 as volg: *"Geen werkgewer mag van enige werker vereis, of van 'n persoon wat aansoek doen vir 'n pos vir indiensname, om 'n HIV toets te ondergaan nie ten einde die persoon se status te bepaal nie…"*

b. Wet op Basiese Diensvoorwaardes nommer 75 van 1997,

Artikel 16(1) bepaal: *" 'n Werkgewer moet 'n werker wat op Sondag werk teen dubbel die werker se loon betaal vir elke uur gewerk, tensy die werker normaalweg op 'n Sondag werk, in welke geval die werkgewer die werker ten minste een en 'n half keer die*

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943
E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. J van Dijk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 332-1107

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos • 40

LUTHER EN DIE EKONOMIE

Ds E Viljoen

TEMA: OMGAAN MET AARDSE GOED

Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde. Dit is 'n bekende gesegde wat baie waar is van die mensdom se sig op die omgaan met aardse besittings. Wat ook al verander het in die funksionering van die ekonomie van 'n land, is daar al hoe meer faktore wat tog maar dieselfde bly. Die kerkhervormer, Martin Luther, het geen geringe invloed gehad op die ontwikkeling van visie op die ekonomie nie. In menigte opsig bly soveel van sy waardevolle insigte net so relevant en aktueel vir vandag.

AALMOESE EN ARMOEDE

Gedurende Luther se hele lewe, het hy 'n stryd aangegaan teen wat hy gesien het as die twee gesigte van Mammon. Aan die een kant was daar 'n asketiese wegvlug van geld waarin armoede as 'n deug verheerlik is. Andersyds het hy in konfrontasie gekom met 'n onbeskryflike gierige versamel van aardse rykdom ten koste van die gelowige lewe met die Here, die ontwikkeling van die samelewing en die oorlewing van die naaste.

Luther se basis vir die stryd wat hy aangegaan het vir die twee vorme van "Mammonisme", was die wonderlike ontdekking dat 'n persoon se waarde nie bepaal word deur wat iemand besit of nie besit nie, maar eerder deur God se beloftes in Christus. Rykdom en geld is nie heer van ons lewe nie, maar 'n genadegawe van God waardeur my naaste gedien kan word en waarmee 'n mens diensbaar kan wees aan die opbou van die gemeenskap.

Binne die Middeleeuse konteks van aalmoese, armoede en barmhartigheid, het Luther se verstaan van regverdiging deur geloof alleen, 'n aardverskuiwing gebring in mense se waardering van en sig op armoede. Aangesien verlossing eerder die basis as die doel van ons lewe is, en aangesien verlossing eerder 'n genadegeskenk is wat ontvang word en nie verwerf word nie, is nie armoede of die uitdeel van aalmoese meer gesien as 'n verdienste voor God nie.

Armoede is nie meer gesin as 'n besondere vorm van seën deur die Here nie. Dit was 'n donker kol in die samelewing wat vanuit die ekonomiese samelewing aangespreek moes word. Geloof wat deur die liefde werksaam word, begeer en soek óók die ekonomiese voordeel van my naaste!

LUTHER AS "EKONOOM"

As iemand wat erns wou maak met die onderrig van die Woord van God en hierdie Woord self uitgelê en toegepas het op sy wêreld, het te doen gehad met verskeie sosiale en ekonomiese probleme. Hy het homself as kampvegter opgestel vir die stryd teen onreg. Óók in die ekonomie. Die aanspreek van die lewensomstandighede van mense, het hom aan die hart gegaan.

Hy het nie 'n blinde oog gedraai na sosiale wantoestande onder die skyn van geloof in die naderende einde van die wêreld nie. Selfs al sou Christus more kom, is vandag 'n uitstekende geleentheid vir die plant van 'n boom! Luther se ekonomiese etiek is vir ons in menigte opsig van groot waarde. Tegelyk moet ons besef dat Luther se uitsprake oor die ekonomiese aspekte van die lewe, net soos die res van sy teologie, altyd 'n pastorale fokus het. Hy was nie besig as politieke ekonoom nie, maar as pastor van die gemeente.

In sy uitleg van die Skrif oor ekonomiese aspekte, interpreteer hy dit altyd as 'n ontmoeting met God self in die eerste plek. Ons ontmoet God nêrens in sy hemelse majesteit nie, maar altyd gekleed in sy Woord en beloftes vir ons. Daarom kan hy soos volg skryf oor die ontmoeting met God op ekonomiese terrein:

> *God sê: "Ek kies om nie na jou te kom in My heerlikheid en in die teenwoordigheid van engele nie, maar in die vermomming van 'n eenvoudige bedelaar wat vra vir brood." Jy mag vra: "Hoe weet jy dit?" Christus antwoord: "Ek het aan jou in my Woord geopenbaar watter gedaante Ek sal aanneem en aan wie jy moet gee. Jy vaar nie op na die hemel, waar Ek aan die regterhand van my hemelse Vader is, om aan My iets te gee nie. Ek kom met vlees en bloed tot voor jou deur met die appel: "Gee My iets om te drink! … Ek het nie behoefte aan voedsel in die hemel nie. Ek het al die pad van Judea gekom. Gee My iets om te drink. Ek het dit bekend gemaak aan die hele wêreld dat wat ook al gedoen is aan die geringste van hierdie broeders van my, aan My gedoen is".*

Luther, die ekonoom, verkondig God se belofte en oordeel.

MIDDELEEUSE EKONOMIE

Luther het reeds te doen gehad met die skuif van 'n feodale ekonomiese opset na 'n winsgebaseerde eko-

---

(vanaf bls 2)

> *werker se normale uurlikse loon moet betaal vir elke uur gewerk."*
>
> Artikel 27(2) bepaal: *" 'n Werkgewer moet 'n werker, tydens elke jaarlikse verlofsiklus, op versoek van die werker drie dae betaalde verlof toestaan in geval van: -*
> - *geboorte van die werker se kind,*
> - *siekte van die werker se kind,*
> - *sterfte van die werker se lewensmaat of gade,*
> - *sterfte van die werker se ouer, aanneemouer, grootouer, kind, aangenome kind, kleinkind, bloedbroer of bloedsuster."*

(Kopieë van hierdie wette kan op die Internet nageslaan word by www.acts.co.za ¤

nomie. Een aspek hiervan was die gedagte dat die gee van aalmoese in jou guns kan tel in die verkryging van 'n plek in die paradys. Die gee van aalmoese dien as betaling vir sondes en armoede op sig weerhou mense van sondes. 'n Ideologie word op hierdie manier ontwikkel waarin alle fokus is op die gewer van aalmoese en nie die ontvanger daarvan nie. Die verligting van mense se ekonomiese nood kom eintlik glad nie in fokus nie. In die middelpunt staan die soeke van verlossing vir die siel van gewer en ontvanger van aalmoese.

Armoede was vir lank gesien as die ideale status vir die Christen. God is die God van die armes. Dit is 'n ideologie wat naby staan aan die ideologie van "bevryding" van die armes in die twintigste en een-en-twintigste eeu. God sou 'n voorkeur hê vir die armes. Tegelyk dien die armes die selfsugtige motiewe van rykes wat op soek is na 'n manier om hul plek in die paradys te koop. Die armes word noodsaaklik vir die bereiking van selfsugtige doelwitte.

KOOP EN VERKOOP SONDER GELD

Die skema van verlossing waarvolgens armoede as die ideale Christelike lewe voorgestel word en dit ook nog in die samelewing vasgeanker word deur die belofte van aardse en hemelse belonings op grond van die gee van aalmoese, het mense blind gehou vir die noodsaaklike veranderings wat dikwels nodig was in die sosiale strukture wat armoede in stand gehou het.

Die Bybel se leer van verlossing uit genade alleen, het hierdie armoede-ideaal verpletter. Aangesien verlossing 'n genadegeskenk is sonder enige menslike verdienste, verloor armoede en die gee van aalmoese hul betekenis en waarde. Ekonomiese uitbuiting kan dan in die volle lig te staan kom wat dit openbaar vir wat dit is. Armoede is geen Christelike ideaal meer nie, maar 'n sosiale swakheid wat aangespreek moet word. Luther skryf soos volg daaroor:

> "*Armoede moet nie aanbeveel word, gekies of geleer word nie, want daar is genoeg armoede vanself, soos Hy sê (Joh. 12:8): 'Die armes sal julle altyd met julle hê', net soos daar baie ander euwels sal wees. Maar gedurige sorg moet bestee word dat, aangesien hierdie euwels altyd teenwoordig is, hulle altyd teëgestaan word*".

Vir Luther het dit beteken om die nood en onreg aan te spreek, moes strukturele veranderinge gemaak word. Hy het selfs op grond van die burgerlike wetgewing van Moses betrokke geraak by plaaslike regerings om maatskaplike programme, beleid en wetgewing vas te stel.

KERKORDE EN GEMEENSKAPSKAS

In 1522 bepaal Luther in die Kerkorde van Wittenberg dat 'n soort gemeenskapskas daar gestel moet word met die oog op maatskaplike betrokkenheid. Hierdie kerkorde het bedel verbied, rentevrye lenings gegee aan ambagsmanne wat dit moes terugbetaal indien enigsins moontlik en sorg gebied vir arm weeskinders, die kinders van behoeftige mense en jong vroue wat 'n gepaste bruidskat met die oog op 'n huwelik benodig het.

Wat gemaak met die moontlikhede dat hierdie gemeenskapskas misbruik kan word? Luther reageer soos volg: "*Hy wat niks het om van te lewe nie, moet gehelp word. As hy ons mislei, wat dan? Dan moet hy weer gehelp word!*" Dit het daartoe gelei dat teen 1523 voorsorg gemaak is vir maatskaplike programme in die kerkordes van stede soos Augburg, Leisnig, Neurenberg, Altenburg, Straatsburg, Breslau en Regensburg. Hierdie kerkordes was 'n konkretisering van Luther se oortuiging dit 'n Christelike verantwoordelikheid is om ekonomies betrokke te wees in die samelewing.

Daar word beweer dat die sleutel vir die verstaan van die karakter van 'n samelewing, geleë is in die manier waarop dit sy jeug en sy bejaardes behandel. In die woorde van die Kerkorde van Leisnig ontdek ons Luther en sy kollega's se bedoeling met hul sosiale betrokkenheid:

> "*Arm en verlate weeskinders in die stad en dorpies … sal soos nodig voorsien word van opleiding en fisiese versorging deur die bestuurders van die gemeenskapskas tot op sodanige tyd dat hulle self kan werk en hul brood verdien. Indien daar tussen die weeskinders en kinders van verarmde ouers seuns is wat gewillig en geskik is vir onderwys en bekwaamhede toon in die lettere, sal die bestuurders van die kas hulle ondersteun en versorging aan hulle voorsien …*
>
> *Daardie persone wat verarm het deur die mag van omstandighede en sonder die ondersteuning van familielede gelaat is … en hulle wat ongeskik is vir arbeid vanweë siekte en hoë ouderdom … sal elke week op Sondag en by ander geleenthede soos die behoefte voordoen, onderhoud en ondersteuning vanuit die kas ontvang … Dit moet gedoen word uit Christelike liefde, tot eer en lof van God, sodat sulkes se lewe en gesondheid bewaar mag word van verdere agteruitgang, verswakking … deur gebrek aan onderdak, kleding, voeding en sorg. Dit moet gedoen word sodat geen behoeftige persoon in die gemeenskap ooit in die openbaar hoef te smeek, kla of bedel vir dit wat nodig is vir hul daaglikse sorg nie.*"

LUTHER EN GELD

Oor Franciscus van Assisi het Luther 'n uitgesproke opinie. Hy dink nie dat Franciscus 'n bose man was nie, maar die feite bewys dat hy naïef of, beter gesê, dwaas,

WERKERSDAG

A. Roos

TEMA: OMGAAN MET AARDSE GOED

"... Vermeerder en vul die aarde ..." is oorbekende woorde uit Genesis en is die basis vir die kultuur-mandaat waar die mens die opdrag gekry het om die skepping te ontplooi. Dis ook 'n werkopdrag. Die mens moet aan die werk spring.

Later, na die sondeval, het arbeid 'n las geword. "Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet ..." Ook bekende woorde. Die harmonie tussen God en die mens in sy arbeid het verdwyn. Nogtans het die werkopdrag bly staan.

ARBEID HET WAARDE

Vrugte aan 'n boom het geen waarde nie tensy dit gepluk en aan die mens beskikbaar gestel word. Net so min het arbeid waarde as dit nie aangewend word nie.Ons kan gerus stel dat in ons moderne samelewing die bron van waarde uit arbeid voortkom. Arbeid wat vrugte pluk, land bewerk, masjiene ontwerp en dienste lewer. Dit word toegevoegde waarde genoem. Wat in die skepping gelê is het op sigself geen waarde nie tensy dit ontgin word en daarvoor is arbeid nodig. Die werkverbond met die mens beteken dus dat waarde geskep moet word.

AAN WIE KOM DIE WAARDE TOE?

Uit die Genesis evangelie van voor die sondeval mag ons aflei dat die waarde aan die mens toegeval het. Nie as 'n noodwendigheid wat die mens kon afdwing nie, maar as 'n gawe van God. Immers, "Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees" (Gen. 1: 29). Ook 'n bietjie verder aan lees ons " ... Van al die bome van die tuin mag jy vry eet" (Gen. 2:16).

Dit was 'n ideale toestand, vry van moeite, vry van naywer en vry van kompetisie. Na die sondeval het daar verandering in gekom. Immers "in die sweet van jou aangesig sal jy brood eet" (Gen. 3:19). Nogtans belowe die Here noodsaaklike lewensonderhoud. Dink maar aan die volk van Israel in die woestyn wat manna en kwartels gekry het om te eet.

In die Nuwe Testament verwys onse Here Jesus na die voëls van die hemel wat nie saai of maai of in skure bymekaar bring nie en nogtans gevoed word. Is die mens nie baie meer werd as hulle nie? Op meer as een plek word gesê dat die arbeider sy loon werd is. 'n Gelowige moet dit darem wèl van die Here verwag en daarvoor bid.

DIE MEERWAARDE VAN ARBEID

Met die sondeval is die verhouding tussen God en mens vertroebel en het die mens die spoor byster geraak. In plaas van om vergoeding vir arbeid van die Here te verwag, het die mens gemeen dat dit van homself moet kom. Hy moet vir homself sorg. Dit het 'n kwessie van jaloesie en kompetisie geword.

Deur die eeue het arbeid en beloning van arbeid tot 'n spesiale studieveld ontwikkel. Hoe moet die faktor arbeid vergoed word? Genoeg om biologies te reproduseer of genoeg om ook sosiaal te rekreëer? Baie teorieë het ontstaan van die absurde tot die aanvaarbare.

Deur toedoen van o.a. Karl Marx en Friedrich Engels het die meerwaarde teorie van arbeid ontstaan. Basies kom dit daarop neer dat 'n arbeider as vergoeding vir sy insette 'n ruilwaarde van sy arbeid as loon ontvang terwyl die ondernemer beslag lê op die arbeider se gebruikswaarde.

Hierdie twee begrippe verskil in dat die ruilwaarde van arbeid die koste van reproduksie en rekreasie is terwyl die gebruikswaarde die toegevoegde waarde in die arbeidsproses is. Die laaste is hoër as die eerste en die verskil heet profyt. In sosialistiese jargon word dit ook uitbuiting genoem.

Dit sou dus vir die ondernemer, in sosialistiese taal: die kapitalis, voordelig wees om die arbeider se loon so laag as moontlik te hou en die prys vir sy produk so ver as moontlik op te stoot sodat die meerwaarde, toegevoegde waarde

(vanaf bls 4)

was. Sy dwaasheid het daarin gelê dat Hy veronderstel het dat geld op sig boos was. Luther laat dan hoor hoe hy self dink oor geld. As silwer en goud op sig boos was, dan moet almal wat hulle daarvan weerhou, aangeprys word. Maar as geld goeie skeppings van God is, wat gebruik kan word vir die nood en behoeftes van ons naaste en tot eer van God, is iemand dan nie belaglik en ondankbaar teenoor God, indien hy hom daarvan weerhou asof dit boos is? Want dit (geld) is nie boos nie selfs al is dit by geleentheid misbruik vir ydelheid en kwaad. Indien God vir jou rykdom gegee het, dank God en sorg dat jy goeie gebruik maak daarvan. Geld is nie die heer wat ons lewens mag beheer nie, maar die gawe van God vir diens aan ons naaste en die opbou van die gemeenskap. ¤

of profyt sou toeneem. ‘n Ander manier sou wees om mense met masjiene te vervang aangesien die laaste geen loon sou kry nie.

KLASSESTRYD

As gevolg van hierdie teorie ontstaan daar ‘n botsing van belange, nl. dié tussen ondernemer en arbeider. Uit ‘n sosialistiese of kommunistiese perspektief sou die werkersklas uiteindelik die oorhand kry. Toenemende druk op lone en steeds stygende toegevoegde waarde sou tot ‘n krisis lei waar die werkersmassas in opstand sou kom en oor die kapitalisme sou seëvier. ‘n Arbeiderparadys sou tot stand kom.

Dit het nooit so ver gekom nie. Ondernemers het toenemend die waarde van hul werkers besef waar dit nie altyd gaan om ‘n laagste moontlike besoldiging nie maar eerder om lojaliteit teenoor die onderneming. Werksomstandighede het sedert die tyd van Marx en Engels beduidend verbeter. Seker ook maar onder druk van vakunies. Arbeidswetgewing het die lot van die arbeider verbeter. Die aard van produksieproses het verander. Toenemende meganisasie het nie massiewe afdankings van werkers tot gevolg gehad nie mede deur verbeterde opleiding, so wel ekstern as in-diens. Loongeskille kon deur kollektiewe oorleg bygelê word sonder dat daar konfrontasie was. Nogtans bly klasseverskille bestaan, veral in ons land.

Tydens ‘n onlangse viering van werkersdag, het ‘n spreker hom soos volg uitgelaat: “For decades South African Workers have been celebrating Workers Day in defiance of the apartheid regime which never recognised this day and moreover sought to divide the working class on the basis of race and gender. Since the overwhelming victory of the ANC on 27 April 1994 and the democratic breakthrough that that day represents, workers of our country have legitimately been commemorating the struggles of the working class against exploitation and brutality. Workers’ Day is inscribed in our national consciousness as a national holiday where we have time to contemplate the gains that we have made and consider the challenges that yet face us. On this day, we not only consider our own struggles, but we link up with the workers over the world in a collective, internationalist struggle.”

VERPOLITISERING

Suid-Afrika is opgesaal met ‘n geskiedenis waar veral in die laaste 60 jaar apartheid ‘n rol gespeel het. Dit is dan ook nie verwonderlik dat in arbeidskonflikte apartheid dikwels bygesleep word nie.

In daardie konteks is die ondernemer by voorkeur wit en die uitbuiter terwyl die werker amper per definisie swart is en aan die ontvang kant is.

In die omstandighede is dit voor die hand liggend dat die regerende party en die vernaamste vakbond, saam met die Kommunistiese Party kop in een mus is. Werkersdag is dan óók ‘n politieke manifestasie.

Ongelukkig kan redelikheid van vakbond retoriek nie altyd ontsê word nie. Persberigte maak gewag van topbestuurders wat hulle met miljoene verryk en tegelykertyd aankondig dat personeel verminder moet word om koste te besnoei. Dit is vrugbare teelaarde vir ‘n klasse konflik waarby, terloops, ras nie meer ‘n rol speel nie. Inderdaad is hierdie situasie sosiaal nie verdedigbaar en ook nie regverdig nie.

WERKERSDAG?

Waar die arbeidsfaktor geheel en al los gemaak is van die goddelike opdrag om die aarde te bewerk word arbeid nie meer in die regte verhouding gesien nie. Dit word dan ‘n mag wat met ‘n gebalde vuis teen die “heersersklasse” in opstand kom. Niemand wil ontken dat na die belange van werkers omgesien moet word nie maar dit moet gestroop word van enige vorm van antagonisme. Werkersdag word dan in wese ‘n manifestasie van krag wat kapitaliste tot die orde sal roep indien die belange van die arbeider geag word om te na gekom te word.

Dit is ver verwyder van die kultuuropdrag van die mens en is eerder antagonerend as versoenend. Christene het nie nodig om werkersdag te vier nie. Vir hulle is dit ‘n voorreg om in Gods skepping werksaam te mag wees. Natuurlik is daar dorings en distels maar dit moet met oorleg uit die weg geruim word en het nie nodig om met kragmiddele soos stakings opgelos te word nie.

Werkersdag val vanjaar op ‘n Sondag. Omdat dit ‘n erkende af dag is word die vakansiedag na ‘n Maandag verskuif. Die ironie van die saak is dat Christene elke week op Sondag hul “werkersdag” mag vier. Ses dae sal jy arbei en al jou werk doen. Die sewende dag mag ons rus. God het op die sewende dag gerus en gesien dat sy werk goed was. Net so mag Christene rus en sien dat hulle werk goed was. Is hulle werke nie in die Here geheilig nie? ¤

VERKOOP JULLE BESITTINGS (I)

Ds J van der Linden

TEMA: OMGAAN MET AARDSE GOED

"*Verkoop julle besittings*". Nee, dit is nie iets wat ek self uitgedink het nie. Hierdie opdrag is 'n opdrag van die Gees van God. Woorde van u Verlosser Jesus Christus. 'n Opdrag wat direk in verband staan met God se Vaderskap. 'n Opdrag wat alles te make met 'n *lewe van vertroue* in u Drie-Enige God.

KONTEKS BELANGRIK

"*Verkoop julle besittings*" (Luk 12:33a). Ons vind hierdie woorde amper weggesteek in daardie oorbekende Skrifgedeelte oor die fokus op die koninkryk van God: "*Soek eers die koninkryk van God …*" Ons vind hier ook ander gedeeltes wat gereeld in ons gesprekke na vore kom: "*Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees*". Of ons verwys na die voorafgaande gelykenis van die ryk dwaas wat vir hom baie skatte op aarde versamel het, maar nie ryk was in God nie (Luk 12:13-21).

Die gevaar is baie groot dat ons sommer in die algemeen oor hierdie dinge gaan praat. Heeltemal vryblywend. Sonder dat ons onsself toets of ons dit werklik glo en ons lewe werklik daarvolgens gaan inrig. Daarom gee die Here Jesus hierdie opdrag om ons besittings te verkoop. Nie as 'n klein sinnetjie waaroor ek gemaklik stap om my by die groot geheel te gaan bepaal nie, maar as 'n klein sinnetjie waar ek myself leer ken: Hoe sterk leef *ek* vanuit die beloftes van God? Hoeveel oorgawe is daar in *my* diens in God se koninkryk? Waarop is my normale dinge van elke dag gerig? Hierdie klein sinnetjie word 'n spieël waarin ek myself raaksien!

Christus het hierdie groot opdrag vir ons gegee sodat ons ons weer baie direk sal gaan bepaal by dit wat Hy belowe en dit wat Hy vir ons wil gee. *Deur die grootte van hierdie opdrag wil Hy ons bepaal by die grootte van sy belofte*. Wie die opdrag van sy Verlosser ernstig wil opneem, moet *elke keer weer* begin by die belofte wat sy Verlosser gee. Wie hier wil kies om arm te word vir Christus, hy *moet* homself oorgee aan die rykdom van Christus.

Die konteks van hierdie woorde van die Here Jesus is dus baie belangrik. Nie omdat die opdrag net aan 'n spesifieke situasie gebonde sou wees nie. Christus gee hierdie opdrag as 'n algemene reël in sy koninkryk. Deur hierdie opdrag (in sy konteks!) wil die Gees sy heiligende werk tot diep in ons lewe bring, en ons so vrymaak in Christus. En daarom ook: Wie homself tog wil vrymaak van hierdie opdrag, bly uiteindelik 'n slaaf van homself.

DIE SKAT WORD ONTVANG

Die Here Jesus eindig die perikoop met 'n klimaks: "*Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees*". Vir 'n goeie verstaan van hierdie perikoop moet ons dus weet wat hierdie skat is.

Ons vra dikwels by hierdie woorde dadelik die aandag vir die aksie: Ons moet skatte *versamel*. Die klem lê dan al gou op ons werke en die beloning wat ons werke in die hemel het. Sodoende gaan dit hier dus oor die rykdom wat ons *eendag* sal hê.

Dit is waar dat ons werke ook in die hemel beloon sal word. Maar die skat waarvan hier in Lukas gepraat word, gaan oor veel groter dinge as dit. Dit het in die eerste plek 'n totaal ander fokus as ons werke.

As die Here Jesus hier oor die skat praat, dan vergelyk Hy dit allereers met die ryk dwaas (Luk 12:16-21). Vers 21: Hy het vir homself skatte vergader op aarde, maar Hy was arm *in God*. Hy was ook besig met skatte – en tog was hy arm. Hy was op homself gerig. Hy het die lewe so goed en gerieflik moontlik vir homself gemaak. Al sy besittings moes uiteindelik iets vir hom doen. Dit was sy armoede!

En hierteenoor kom stel die Here Jesus nou sy koninkryk. In sy koninkryk gaan dit so totaal anders! Voordat daar gepraat word oor die skat in verse 33 en 34, vertel die Here Jesus eers dat die Vader sy koninkryk kom *gee* het (vers 32). Dit is dus die direkte konteks as dit gaan oor hierdie skat.

Die skat is nie in die eerste plek iets wat ons *versamel* nie, maar iets wat ons *ontvang*. Sy koninkryk is die skat wat ons ontvang. Pragtig soos vers 32 dit stel: *Julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om hierdie koninkryk aan julle te gee*. Dit was sy grootste vreugde om uit te deel! Hy wil ons graag ryk maak!

Juis in die teenstelling met die ryk dwaas wil die Here Jesus dus vir ons duidelik maak dat ons rykdom nie in die eerste plek lê in wat ons doen en versamel nie, maar in wat ons vind en ontvang.

Die ryk dwaas het hard gewerk en 'n groot oes gekry. Hy het gewerk en ryk geword. Hierteenoor staan ons Vader en Hy wys ons die teenoorgestelde weg: Rykdom mag jy ontvang. Hy gee dit aan ons omdat dit Hom bly maak! Dit is die diepste motief vir ons rykdom: Ons Vader *wil* … Hy wil gee, ook al moet Hy sy eie Seun daarvoor oorgee.

Hy wil ons lewe ryk maak, ook al moet die heerlike Seun van God daarvoor 'n tyd arm word. Hy wil ons laat deel in sy koninkryk, ook al moet die Koning na sy wêreld kom en deur hulle gekruisig word. Die geheim van ons rykdom lê by Hom: Vader het 'n *welbehae* daarin

om aan ‘n klein ou kuddetjie sy rykdom te gee. En daarom hoef ons ook niks meer te vrees nie!

DIE SKAT IS CHRISTUS

En wat is nou hierdie rykdom wat Vader aan ons gee?

Om dit te verstaan moet ons weer begin by die begin. Lukas 12:13 - ‘n Man wat vir Christus kom vra om sy broer aan te spreek dat hy die erfenis met hom moet deel. Dit gaan oor regverdigheid. Op sig is niks hiermee verkeerd nie.

Maar ons moet wel duidelik sien wat hier gebeur. Hier is ‘n man wat spesifiek na *Christus* kom in die hoop dat *Christus* hom kan help om sy hande op hierdie geld te kry. Voor hom staan die Seun van God op aarde. Die Koning wat na sy koninkryk gekom het. Hy *is* die koninkryk, die skat wat gevind kan word … en hierdie man hou hom besig met sy geld!

Sy fokus is nie in die eerste plek gerig op hierdie Christus nie, maar op sy geld. En vir hierdie doel word Christus ingeskakel. Sy skat is nie Christus Self nie, sy skat is die geld.

En dan wil Christus deur die gelykenis van die ryk dwaas aan ons duidelik maak: As Ek Self nie jou skat is nie, as al jou fokus nie op My is nie, as Ek nie vir jou die enigste en jou alles is nie, dan is jy ook nie ryk in God nie. Dan kan jy hoeveel erfenisse kry, maar jy bly arm.

Christus en sy koninkryk: Dit is die skat wat nie vergaan nie. Dit is die skat wat nie deur mot en roes verniel kan word nie. Dit is die skat wat nooit van u weggeneem kan word nie!

DIE SKAT IS ONUITPUTLIK

En nou verstaan u ook waarom hierdie skat *onuitputlik* is. Want die skat word *gegee*: die Vader het in sy welbehae Christus aan ons gegee, en deur Hom het ons hierdie hemelse koninkryk ontvang.

My werke en die beloning daarop sal altyd perke hê, maar uit die weldaad en offer van Christus vloei onuitputlike seën na ons toe. Dit is ‘n bron wat nooit sal opdroog nie, ook nie eendag in die hemel nie!

So onuitputlik is hierdie bron, so oorvloedig en standhoudend: *Ons kan maar ons besittings gaan verkoop*.

So lees ons in vers 33. *Nadat* ons gehoor het van die koninkryk wat Vader aan ons gee (vers 32), en *voordat* daar gepraat word oor hierdie onuitputlike skat in die hemel (vers 33b), word hierdie opdrag aan ons gegee: Gaan verkoop julle besittings. Hierdie opdrag word heeltemal *omvou* deur Vader se gawes, deur Christus as ons onuitputlike skat.

Dit is asof God daardeur vir ons wil sê: Voordat jy nog begin het met hierdie opdrag, het Ek jou *reeds* ryk gemaak. En terwyl jy besig is met hierdie opdrag, moet jy op Christus let as jou skat van waaruit die gawes nooit ophou vloei nie.

Die belofte omvou die opdrag van alle kante! Die opdrag is die toets of ons die belofte geheel en al omhels!

DIE SKAT LAAT ONS UITDEEL

Christus se opdrag om julle besittings te gaan verkoop en dit as aalmoese aan die armes te gee, staan in direkte kontras met die ryk dwaas en met die man wat soveel moeite doen om hierdie erfenis in die hande te kry. Hulle probeer juis versamel, probeer genoeg kry, probeer finansieel in ‘n veilige posisie kom. Stabiliteit en sekerheid.

Hierteenoor sien ons die kragtige uitwerking wat die geloof in ons Verlosser se woorde het: Dit laat ons nie meer *versamel* nie, maar *uitdeel*.

Christus wil vir ons duidelik maak: Wie My en my koninkryk as skat verkry het, het *vir homself* geen doel meer vir hierdie oorvloed van sy besittings nie. Dit is eenvoudig net nie meer *nodig* nie! Die enigste doel wat dit nog kan hê, is om aalmoese aan die armes te gee, om daarmee iets goeds aan *ander* te gaan doen.

Die man wat die erfenis gesoek het en die ryk dwaas wat vir hom skure gebou het, het verbygegaan aan Christus as die skat. Hulle het gesoek en versamel, maar nie *Christus* verkry nie. En daarom moes hulle besittings en goedere probeer versamel. Daarom moes hulle eers na hulself kyk voordat hulle na ander kon kyk. Want hoe anders sou hulle veiligheid kon kry?! Hoe anders weet hulle oor môre?

Dit is so nodig dat ons onsself weer hierin sal beproef. Hoe probeer ons vir onsself sorg? Deur goeie beleggings, deur polisse, deur eiendomme? Hier dreig tog die gevaar dat ons nog steeds besig is om te versamel in plaas daarvan dat ons verkoop, *omdat* ons Christus as ons skat het.

In die manier waarop ons met ons geld omgaan, dreig tog die gevaar dat ons nog steeds soek na hierdie absolute finansiële veiligheid. Of in elk geval: dat ons so veilig as moontlik probeer wees, in plaas daarvan dat hierdie onuitputlike skat vir ons genoegsame waarborg en veiligheid is.

Hoe diep ons die waarde van Christus as ons skat ken, dit bepaal of ons nog steeds versamel en of ons begin het om te verkoop en uit te deel. Om Christus werklik as ons enigste skat te ken, beteken dat ons lynreg ingaan teen die wêreldse wysheid en ons gesonde verstand.

Die wêreld sê: bekommer jou nie oor môre se versorging nie – kyk maar na jou besittings vandag. Christus sê: Bekommer jou nie oor môre se versorging nie – gaan verkoop maar jou besittings van vandag!

Onvoorstelbaar!

En tog is dit die groot waarde van hierdie skat wat aan ons gewys word: Ons het niks anders nodig vir môre se versorging nie! Laat ons maar gaan verkoop en dink aan ‘n baie goeie doel vir al ons oorvloedige besittings. Want: Môre sal daar nog steeds gawes uit hierdie Skat voortvloei! En daarom klein kuddetjie: Wees nie bevrees nie! ¤

JAKOBUS

Dr H Breytenbach

BYBELBOEKBESPREKING



SKRYWER VAN DIE BRIEF

"Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus…". So stel Jakobus homself aan die begin van die brief bekend. Hy spreek sy lesers telkens aan as "my broeders …" Daar is 'n broederband tussen die skrywer en sy lesers. Geestelike verwantskap – saam kinders van die hemelse Vader. Hy gaan op 'n gesaghebbende manier op hulle probleme in en dring by hulle daarop aan om verantwoordelike beslissings te neem. Uit Handelinge weet ons dat Jakobus 'n broeder van die Here Jesus was (12:17, 15:13, 21:18). Die Here Jesus het ook na sy opstanding aan Jakobus verskyn (1 Kor 15:17). Hierdie Jakobus het jare lank 'n groot rol gespeel in die gemeente in Jerusalem (Hand 15). Sy deelname aan die kerkvergadering het deurslaggewende invloed gehad op die besluite wat geneem is. Dit kan nie Jakobus, die seun van Sebedéüs, wees nie, aangesien hy reeds in 44 na Christus gedood is.

Jakobus spreek sy Heer en broer kinderlik na. So kan ons in Jakobus se woorde in 5:12 duidelik die woorde van Jesus in Matthéüs 5:34,37 vind. Dit is veral van toepassing op Jesus se bergrede en sy woorde oor die verwoesting van Jerusalem. Gee hy Jesus alleen maar weer as 'n leraar wat sedelike raad gegee het? Nee. Hy gee nie in 'n betoog 'n uitgewerkte geloofsleer nie. Maar hy verklaar die wet van die verbond vir die gemeente van die Here. Die boek herinner ons aan die wysheidsliteratuur wat ons in Spreuke vind. Jakobus werk nie die openbaring van die heil in Christus uit nie, maar hy gaan uit van die heil in Christus in sy praktiese lewenswysheid wat Christus, wat ons wysheid is (1 Kor 1:30), se heerskappy wil verkondig.

LESERS VAN DIE BRIEF

Jakobus rig die brief "aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is". Hiermee word die voortsetting van God se volk bedoel, soos dit in die Nuwe-Testamentiese kerk na vore kom. As gevolg van vervolging was die Joodse Christene verstrooid (sien Hand 8:1-4,11:19), oor Judea en Samaria en tot in Venesië, Sirië en Siprus. As gemeente kon die Christene van Jerusalem nie langer funksioneer nie, maar – so lees ons in Handelinge 11:19-30 - hulle is bemoedig en gesterk deur die Here en so het hulle 'n seën geword vir baie mense. Hulle was swaar beproef. Daarom word hulle in die brief opgeroep tot geloof in alle moeilike situasies. Hulle is regverdig as hulle in Christus bly en volhard in goeie werke in die vyandige omgewing waarin hulle woon. Dit staan vir Jakobus vas dat sy lesers in die tydperk van die laaste dae lewe. Daarom roep hy hulle op om te volhard tot die koms van die Here Jesus. Volharding tot die koms van die Here vereis daders van die Woord. Die brief kan op grond van die verwantskap met die woorde van Jesus en die aanname dat die evangelies waarskynlik nog nie geskryf was nie, asook die historiese situasie van die verstrooiing, gedateer word rondom die helfte van die eerste eeu.

WERKING VAN DIE LEWENDE GELOOF

Dikwels word die brief van Jakobus teenoor die briewe van Paulus gestel. Jakobus 2:14-17 word dikwels in konflik met Paulus se geskrifte gestel. Paulus het geskryf dat die mens deur die geloof en nie uit die werke nie, geregverdig word (byvoorbeeld Rom 3:28). Jakobus skryf: die geloof sonder die werke is dood. Luther was selfs oortuig dat Jakobus in stryd is met die evangelie. Dit is egter 'n vertekening van die eenheid van die openbaring om hierin 'n konflik te sien. Die historiese situasie dui ook die teendeel aan. Die verhouding tussen Paulus en Jakobus was goed (Gal 1:19, 2:9). Paulus het mense uit die *kring* van Jakobus teengegaan (Gal 2:12). Jakobus wou self die Christene uit die heidene nie beswaar met die las van die wet van Moses nie (Hand 15:13-21). In die brief het hy dit ook alleen maar oor die wet van vryheid in Christus – soos Paulus (sien Jak 1:25, 2:8 en vergelyk dit met Rom 13:8). Soos Paulus gaan by Jakobus die geloof voorop. Paulus bedoel die onderhouding van die seremoniële wet as hy die regverdiging deur die werke afwys. Jakobus bedoel die vrugte van die geloof wanneer hy werke en geloof onlosmaaklik aan mekaar verbind. Lewende geloof word sigbaar. En daarmee is Paulus en Jakobus dit eens (Rom 6:22).

MOTIVERING VIR DIE BRIEF

Wat was Jakobus se motivering vir die skryf van sy brief? Jakobus het sy lesers vermaan. Die lesers het behoort aan die Christus-belydende sinagoge, maar hulle geloof in die Here Jesus Christus het hulle lewe nog nie deurtrek nie. Die gevaar is dat hulle hul voeg by die gemeente, maar dat hulle in hul dade nog vreemd teenoor die Here staan. Daar was die gevaar van skyn-

godsdiens, uiterlike vormgodsdiens, dubbelhartigheid en wêreldgelykvormigheid. Hierdie sondige afwykings in hul lewensgedrag het die Christene bedreig. Hy beskryf die afwykings voor die voet by die naam: twyfel en fatalisme in versoeking (1:2-8), die vertroue op rykdom wat verganklik is (1:9-11), om slegs hoorder van die Woord te wees (1:22-25), aanlê van menslike maatstawwe by die beoordeling van ander (2:1-13), misbruik van die tong (3:1-12), stryd om voorrang te hê (3:13-18), verleiding van die wêreld (4:1-10), die laster van ander (4:11-12), selfhandhawing teenoor God (4:13-17), sonde van uitbuiting (5:1-6), onnodig sweer (5:12). Jakobus wys dus allerlei misstande in die gemeente aan. Aan die anderkant moedig hy die gemeente aan tot 'n volkome en onberispelike geloof en lewe. Die geloof moet getoets word aan die lewenswandel van die gemeente. Dit moet duidelik wees dat hulle in volkome toewyding aan God en die naaste lewe. Om tot so 'n geloofsvolwassenheid te kom, is beproewing en volharding onontbeerlik. En daarvoor is gebed so 'n onmisbare middel.

Jakobus wil vanuit wie God is en wat Hy doen, sy brief skryf. God is die Gewer van wysheid, die kroon van die lewe, die Gewer van elke goeie gawe, die Vader van die ligte, die Onveranderlike, die Gewer van die lewe. Hy is die Gewer van genade aan die nederiges. Hy is Wetgewer en Regter, Hy bepaal ons lewensloop, Hy is die Here van die leërskare, Hy is ryk aan barmhartigheid en ontferming. In die brief word die Naam van Jesus Christus slegs twee keer genoem (1:1, 2:1). Jakobus wys ook nie eksplisiet na die versoeningswerk van Christus nie, maar die verwysing na sy Naam impliseer Christus se kruis, opstanding en hemelvaart. Daar is ook verwysing na die "Here". Daar is die ver-wysing na die "edele Naam" wat oor hulle aangeroep is (2:7). Ook is daar die noue aansluiting by die woorde van Christus, nader nog die onderwys van Christus. Die ooreenkomste is duidelik aan te wys, byvoorbeeld: blydskap te midde van beproewing, die oproep tot volmaaktheid, die bede om goeie gawes, die waarskuwing teen die toorn, die onderhouding van die hele wet, die stigting van vrede. Die vermaning in Jakobus kom ooreen met die bergrede van ons Here Jesus Christus.

DIE BRIEF IN 2005

As deel van die Heilige Skrif en van God se openbaring van sy heil in ons Here Jesus Christus, neem Jakobus se brief sy regmatige plek in die Nuwe Testament in en het dit gesag vir ons lewe.

Maar ook vanuit die brief self is dit duidelik dat dit openbaring van God is, omdat ons hier geleer word aangaande Christus en dat Hy op ons hele lewe beslag lê, sodat ons 'n lewende geloof het. In die brief kom die lewende Christus self na ons om ons te vermaan om nougeset gelowig te lewe. Hier is geen skeiding tussen geloof en werke nie, maar 'n fokus op die vrug van die geloof. In ons jaar 2005 word belydenis en werke, leer en lewe dikwels geskei. Mense redeneer dat dit goed is om te weet wat die Bybel aangaande Christus leer, maar wat eintlik van belang is, is die vraag hoe mense lewe. Lees ons die brief grondig, is dit juis duidelik dat hierdie 'n valse skeiding is. Jakobus spoor ons aan tot volharding in die geloof. Ons geloof moet getoets word aan ons lewenswandel. Wie so nougeset voor God lewe, sal nie in die strik val om die twee valslik te skei nie. Hulle sal hul Heer nie verag deur enersyds Hom te bely, maar andersyds deur 'n agtelosige en traak-my-nie-agtige lewenshouding vreemd teenoor Hom te staan nie. Hierdie oproep tot die doen van die Woord, is geen moralisme en subjektiwisme nie.

Jakobus gee vir ons vanuit die onwankelbare geloof in God, praktiese aanwysings oor die volgende:

Beproewinge en versoekinge (1:2)
Hoe wysheid verkry moet word (1:5-8)
Hoe rykdom beskou moet word (1:9)
Doel en herkoms van versoekinge (1:12-15)
Die goeie gawes van God (1:16)
Hoorders en daders van die Woord (1:19-27)

Die aansien van die persoon (2:1-13)
Geloof sonder werke (2:14-26)

Die sonde van die tong (3:1-12)
Die hemelse wysheid (3:13-18)

Die stryd teen die hartstogte (4:1-10)
Die sonde van lastering (4:11-12)
Die onsekerheid van menslike planne (4:13-17)

Oor die rykes (5:1-6)
Om geduld te beoefen (5:7-11)
Voorbede en bekering (5:12-20). ¤

WATERTEKORTE EN KLIMAATSVERANDERING

Martin de Wit

SAMELEWING

Omgewingsbewustes glo die aarde is in ‘n krisis. Artikel op artikel, kongres op kongres, studie op studie bring ‘n boodskap van verwoesting: die uitsterf van spesies, ontbossing, lug-, water- en grondbesoedeling, en die opbou van kweekhuisgasse wat globale klimaatsverandering aanhelp is maar ‘n paar voorbeelde. Die mensdom se misbruik van die natuur word aangewakker deur die drang tot meer, groter en beter. Watter bewuste keuses maak ons as Christene?

GOD SE AARDE EN ONS OPDRAG

Vir diegene wat oortuig is dat sulke keuses nie net aan groen drukgroepe, New Age-aanhangers en linkse politieke partye behoort nie, is dit goed om te kyk wat God in sy Woord aan ons leer en ook opdra. Psalm 24 se aanhef lees: “Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon”. Psalm 19:2 besing God se openbaring in die natuur: “Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.” Romeine 1:20 lees: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid …” Verder in Genesis 1:31: “Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed.”

As deel van die skeppingsverhaal lees ons die welbekende kultuuropdrag (Genesis 1:28): “ … en God het vir hulle [die mens] gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.” Genesis 2:15 beklemtoon die opdrag: “Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak.” Na die sondvloed rig God sy verbond op met mens en dier (Genesis 9:9,10): “… Ek rig my verbond met julle op en met julle nageslag ná julle, en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle …” Psalm 8 besing verder die mens se rol in God se skepping: “U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, die voëls van die hemel en die visse van die see …”

Hierdie paar verse is duidelik: Ons leef op God se aarde en ons het ‘n omvangryke opdrag.

WANBESTUUR

Na die sondeval het hierdie opdrag ‘n voortdurende stryd geword. Eers is daar ‘n groep wat die natuur self aanbid, die animisme wat in oergodsdienste sowel as in moderne New Age-spiritualiteit terug te vinde is. Verder is daar ‘n groep wie se filosofiese oortuigings dit onmoontlik maak om die natuur te bewaar. Plato, een van die vaders van Westerse filosofie, het bv. geargumenteer dat die natuurlike wêreld maar net ‘n afskaduwing is van ewige, tydlose vorme en dus nie bewaar hoef te word nie. Waarheid is alleen te vinde in die sogenaamde ideewêreld, en om jou te veel te bekommer oor dinge in die alledaagse natuur pas nie in by so ‘n benadering nie. Aristoteles, ook geen onbekende in Westerse denke nie, het beredeneer dat die natuur in elk geval ‘n ingeboude doel het, wat geen spesifieke aandag van mense sou benodig nie. Vir ander het die natuur wel waarde, maar alleen as dit sou bydra tot ‘n beter lewe (vgl. die wêreldbeeld van die sg. Stoïsyne, ‘n dominante filosofie na die ‘groot Grieke’). In al hierdie filosofieë is die basis vir ‘n goddelose natuurbeskouing gelê, en die Westerse beskawing pluk nou nog die wrange vrugte daarvan.

Een van die beskouings wat nou nog sy duisende verslaan, is die gangbare ekonomiese denke. Aanvanklik was handel nog gesien binne ‘n teologiese konteks, maar ‘n Verligtings-filosofie wat die menslike rede beklemtoon en verder ‘n geloof in natuurlike wette, het die nuwe ekonomiese wetenskap voortgebring. Hierdie wetenskap is (en word nog steeds!) as objektief, outonoom en eties neutraal of waarde-vry voorgestel. Sogenaamde ekonomiese wette het dikwels die laaste woord.

Hierdie wetenskap het by baie ‘n wêreldbeskouing geword. ‘n Geloof in ekonomiese vooruitgang, gemeet in groothede soos ekonomiese groei, inflasie, wisselkoerse, produksie en wins, om ‘n paar te noem, domineer, nee dikteer besluitneming. Massale afdankings en groeiende werkloosheid, oorwerkte bestuurders, ‘n verlies aan menswaardigheid deur eentonige werk, korrupsie en korporatiewe skandale, verwoesting van die natuur, afval en vermorsing is almal uitkomste van hierdie voortdurende kwaad.

Die hele wêreld sug en steun onder hierdie las. Die waterkrisis en klimaatsverandering is ten diepste ‘n etiese probleem van hierdie dominerende ekonomiese wêreldbeskouing.

OIKONOMIA

Die woord ‘ekonomie’ stam van twee Griekse woorde, naamlik *oikos* (huis) en *nomos* (wet of reël), saamgevoeg *oikonomia*, oftewel

die bestuur van die huishouding. Die Griekse woord 'oikonomia' of verbuigings daarvan kom op 'n verskeidenheid plekke in die Nuwe Testament voor. In Lukas 12:15 word die ryk dwaas tereggewys: "… Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie." In Lukas 12:35 word beklemtoon dat die dienskneg waaksaam moet wees: "Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand." Lukas 16:2 beskryf die belangrikheid van rentmeesterskap: "… Gee verslag van jou bestuur van sake …"

Teenoor die verwoesting wat ons om ons heen sien, word die norme vir 'n goeie rentmeester uitgestippel. Rekenskap in plaas van individuele besluite wat alleenlik gerig is op effektiwiteit en wins. Reëls en norme in plaas van waardevrye wetenskap en toepassing. 'n Fokus op die Here se terugkeer en nie op korttermyn behoeftebevrediging nie. 'n Sorg vir die natuur en vir die medemens in plaas van uitbuiting. Die Bybel as rigsnoer in plaas van wankelende teorieë en filosofieë.

ONSEKERHEID?

Natuurlik bestaan daar nog baie onsekerheid oor die presiese impak op die natuur, hoeveel grade die klimaat sal verander, of die waterkrisis 'n blywende uitwerking sal hê, en wat nou presies die impak sal wees van die spesies wat uitsterf. Maar veral in hierdie onsekerhede word daar na normatiewe oplossings gesoek, 'n proses waar Christene soveel het om by te dra. Vir Christene is dit nie maar net 'n wetenskaplike oefening wat deur 'n paar geesdriftiges beoefen word nie, maar die realiteit van ons elkeen se opdrag waarvoor ons rekenskap sal moet aflê.

VERLOSSING

Die hele skepping sien met reikhalsende verlange uit na die dag van die wederkoms. Dan sal Christus se verlossing volkome wees, nie net vir die mens alleen nie, maar ook vir God se pragtige natuur. Dan sal die Skepping sy lof besing en ons sal die volle rykdom daarvan mag aanskou!

GEBED

Intussen leef ons op hierdie aarde, en met 'n groot opdrag. Klimaatsverandering, watertekorte, 'n verlies in spesies wat God se lof besing, dit alles kan ons dan nie meer koud laat nie. Die werklikheid is dikwels so anders. Miskien kom ons nie eens daarby uit om hieroor na te dink nie of die kompleksiteit van die problematiek laat ons miskien radeloos. Maar dit alles neem nie ons verantwoordelikhede weg nie. Gelukkig is daar 'n deur oop: 'n gebed om wysheid om 'n goeie bestuurder te wees, maar ook 'n gebed om bevryding uit die slawerny van die sonde. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

PERRY MOREE: Kikkertje lief - Brieven van Aagje Luijtsen, geschreven op het eiland Texel, tussen 1776 en 1780 aan haar man Harmannus Kikkert, stuurman in dienst van de VOC. Afbeeldings van die oorspronklike handskrif, verduideliking van die oud-Nederlandse teks, kaarte. Dié keer nie die avonture van mans wat wêreldseë bevaar en baie ver gereis het nie, maar van 'n jong vrou wat jarelank in onsekerheid gewag het op die terugkeer van haar 'Kikkertje lief'. Haar briewe, geskryf in die taal van twee eeue gelede, is lewendig en teer, met baie daagikse details, maar met veel menslike drama. Hulle gee 'n pragtige beeld van die alledaagse lewe op Texel in die agtiende eeu.
Harde band, 206 bls, R220

DE NIEUWE (Nederlandse) BIJBELVERTALING – volgens die uitgewer: die standaardvertaling vir die hele Nederlandse taalgebied – vanuit die grondteks in hedendaagse Nederlands. Entoesiasties verwelkom deur baie mense, bevraagteken deur ander. Die een kerkgenootskap het die vertaling direk aanvaar, die ander wil dit eers vir ongeveer drie jaar beproef, en 'n derde een het sommer groot besware. Lees en oordeel self! Die prys is R330 – met kaarte en onder andere ook 'n aantal Ou Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament aangehaal word en parallelle in die boeke Samuel, Konings en Kronieke.

JUIG AL WAT LEEF, JUIG VOOR DIE HEER – CD met samesang- en orrelkonsert in die GK die Kandelaar – Oktober 2005. Harry Jonker: orrel. Psalms en gesange. Opbrengs gedeeltelik vir die Nieuwenhuis Hulpfonds Trust. Steun die Hulpfonds en geniet die cd! Prys R100

AAFJE HEYNIS – Auf, auf mein Herz mit Freuden – met o.a. Beveel gerust uw wegen, Grote God, wij loven U, Op bergen en in dalen, Neem Heer mijn beide handen. R195

Jongerekoor Laudate Deum te Ridderkerk: GEEF ONS GENA, elf Psalms, vyf gesange, orrel- en klaviersolo. Mooi! R115

HERMAN VAN VLIET – bekende orrelis in Nederland – was 40 jaar orrelis en hierdie cd gee 'n goeie idee van sy talent! Hy speel in die Sint Joriskerk te Amersfoort en in die Evangelisch Lutherse Kerk te Den Haag. R125

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064

LITURGIE

- Die kollekte: mag dit ’n bietjie meer wees?

H. Walinga

LITURGIE

Eintlik hou ek nie van die woord “kollekte” as dit gaan oor die taak van die diakens in die gemeente nie. Die woord roep assosiasies op met ’n huis-aan-huis insameling vir liefdadigheid. Die kollekteerder is daarin heeltemal afhanklik van die goedwillendheid en soms van die humeur van die persone waar hy of sy aanklop. In die erediens is dit meer, baie meer selfs! Die “kollekteerder” is ’n ampsdraer. Hy bepaal, in opdrag van sy Here, wat daar met die geld gaan gebeur. Die persone wat gee is nie maar net goedwillende gewers, wat afhanklik van hulle humeur of van die bedrag geld in hulle beursie iets weg gee nie. Nee, hulle is ontvangers, wat soveel ontvang het, dat dit logies is dat hulle hul dankbaarheid wil toon. Nie goeie gewers nie, maar dankbare teruggewers.

Hierdie teruggee gebeur deur die hele lewe: by die huis of wanneer u getrou u werk verrig, dan gee u as ’t ware die krag wat u ontvang het weer terug aan u Hemelse Vader. Wanneer u salaris gekry het, gee u alles weer terug aan u God deur u lewe in sy diens te stel. Dit is die invulling van die priesteramp van alle gelowiges: ons hele lewe word as ’n dankoffer aan die Here opgedra. Die groot offer is op Golgota gebring, die voorhangsel het geskeur en daarmee het ons almal nuwetestamentiese priesters geword wat dankoffers bring: onsself weggee.

’n Klein gedeelte van hierdie geld word regstreeks aan die kerk gegee (VVB en die ander gawes wat aan kerklike doele geskenk word). Die grootste deel word (as alles reg is) indirek gegee, naamlik die lewe as offerande aan God. Hierdie daaglikse teruggee, hierdie priesterdiens, bereik ’n liturgiese hoogtepunt tydens die erediens wanneer die predikant sê: “ U gawes word vandag gevra vir …” Hierdie liturgiese oomblik mag, net soos soveel ander liturgiese elemente, as voorbeeld dien vir die res van u lewe.

Vroeër het die kollektes ’n meer praktiese invulling gehad. In die ou Christelike gemeentes is die gawes by die viering van die Nagmaal ingesamel. Ons lees nêrens dat daar ’n vaste vrywillige bydrae gehef is nie (wat natuurlik nie beteken dat dit beslis nie so was nie). Die klem het egter op die offergawe by die Nagmaal gelê. Ons moet hier onthou dat die Nagmaal elke week gevier is en dat dit gekombineer is met ’n gesamentlike maaltyd (wat ook liefdesmaaltyd genoem is). Hier het die ryker broeders en susters vir die ete gesorg. Ook is daar gawes soos kos en klere aan die armes gegee.

In die Middeleeue het hierdie dankelement verval tot ’n bydrae aan die eie saligheid. Soos by soveel ander “Roomse’ elemente in die erediens het hierop ook ’n reaksie deur die Hervormers gekom: die kollekte het uit die erediens verdwyn. Later was dit Abraham Kuyper wat in Nederland ’n sterk pleidooi gevoer het om die insameling van die offergawes weer ’n plek in die liturgie te gee.

In ons tyd lyk dit soms asof die kollekte ’n pouse in die erediens geword het. Ons het dan die grootste deel van die liturgie (die preek en die gebed) agter die rug en berei ons meer ontspanne voor op die afsluiting. Mense gesels met mekaar oor koeitjies en kalfies. Ek het op sig nie so ’n groot probleem daarmee nie, maar ek dink dat elkeen tog iets anders sou doen as hy daaraan sou dink dat ons hier iets meer doen as net ’n geldstuk in die sakkie gooi.

Die gee van die offergawe is nie net die weeklikse gee van ’n kleinigheid vir ’n goeie doel nie. Nee, wanneer ons die geld ingooi sê ons: “Here, hier is ek, u priesterkneg. Soos wat ek hierdie geld gee, wil ek my daaglikse lewe aan U gee.” So is die kollekte nie maar net “’n bietjie meer” as ’n gewone insameling nie, dit is juis baie meer: dit is ’n teken van u daaglikse arbeid, van u kerkwerk, van die opvoeding van u kinders, van u ontspanning en van u koerantlees.

Oor hierdie deel van die liturgie wil ek ook nog gesels oor die doel van die insameling. Twee vrae. Ten eerste: hoe kan ons voorkom dat die vermelding van die doel meer aandag kry as die offergawe self? En die tweede vraag wat hiermee saamhang: moet die mededeling *in* die erediens ’n plek kry of eerder *vooraf* by die mededelings van die kerkraad?

Is dit so belangrik? As ons die rondgang van die broeders diakens sien as ’n pouse in die erediens, dan is dit nie so belangrik nie. Maar as ons die gee van die offergawe sien as deel van die liturgie, dan is dit wel belangrik. Ons kies mos duidelik vir die laaste opsie aangesien die daadwerklike insameling *in* die erediens plaasvind. Wanneer die doel van die insameling byvoorbeeld die sending is, en daar word ook vir die sending gebid en in die psalmkeuse aandag daaraan gegee, dan sal u baie bewuster gee as wanneer dit net kortliks tydens die mededelings genoem word. So pas die kollekte in die liturgie en maak dit een van die vensters van die kerk na die buitewêreld oop. So behoort dit te wees, want ’n kerk met toe vensters funksioneer nie as ’n “ligtende kandelaar” nie.

Ek het gesê dat die gee van ’n deel van u gawes ’n voorbeeld is vir die gee van u hele lewe aan die Here.

Wanneer ons die nadruk daarop lê het die insameling 'n groter liturgiese betekenis. Eintlik sou die doel van die insameling minder aandag behoort te kry as die ampsdiens wat u as teruggewer op daardie stadium vervul. Ook die ampsdiens van die diakens behoort meer aandag te kry. Ek kry soms die gevoel dat die vermelding van die doel van die kollekte meer bedoel is om u te laat bepaal hoeveel geld u hierdie keer moet gee. Ten diepste is alle kollektes bedoel vir die "instandhouding van die erediens", naamlik u hele lewe en ook die lewens van die broeders en susters as erediens aan God.



Dit is vir my soms vreemd dat 'n kollekte vir 'n ramp in Asië heelwat meer insamel as 'n "gewone" kollekte vir die werk van die diakens. As u regtig ernstig omgaan met die diens van die offerande dan gee u wat u kan, maak nie saak of dit bestem is vir die "hulpbehoewende kerke" in die klassis langsaan of vir die slagoffers van 'n ramp in 'n ander wêrelddeel nie. Natuurlik is daar vir so 'n ramp skielik baie meer geld nodig en dit is ook nie 'n probleem om dit in die erediens 'n plek te gee nie. Liturgies gesien sou die noem van hierdie doel egter die aandag kan aflei van wat daar eintlik werklik gebeur, naamlik u priesterdiens. So staan die liturgiese voorbeeldfunksie van die kollekte enigsins in die skaduwee van die doel. Dalk kan ons voorstel dat wanneer daar geld ingesamel moet word vir 'n besondere doel, enkele gemeentelede gevra word wat daarvoor 'n ander insamelingsmoontlikheid by die uitgang van die kerk organiseer. Dan bly die ampstaak van die diakens duideliker en word die gemeente ingeskakel by die besondere diensbaarheid.

Die liturgiese aandagswaarde sou versterk word wanneer die gemeente in die tyd wat die diakens die insameling hou, gebruik om te oordink wat hierdie insameling beteken. By die Nagmaal is daar ook 'n liturgiese stilte. Ons oordink dan die wonder van die offer van Christus en dink kortliks aan die sondes wat daardeur vergewe is. Hoekom hou ons nie so 'n ruspunt by hierdie deel van die liturgie nie? Ons kan dan goed oordink hoe ons die res van die week ons lewe aan die Here gaan opdra.

Nog iets: het u al daaraan gedink om die doel van die insameling ook deur die week in u persoonlike gebed op te dra? Bid u soms vir die "instandhouding van die erediens"? Of vir die kerkboufonds? Of dink u dat dit sonder u gebed sal regkom? So kan u die doel van die weeklikse diens van die diakens goed gebruik om 'n deel van 'n gebed in te rig. Dit sal u nie armer maak nie.

Mag dit "'n bietjie meer" wees? U dankoffer mag ALLES wees. Dit kan u wys deur u VVB en ander bydraes aan goeie (en kerklike) doele. Dit kan u op Sondag wys deur die geld wat u aan die ampsdraers saamgee. Dit kan u ook wys in die week wat daarop volg.

Hierdie artikel is 'n bewerking van die sewende hoofstuk uit die boek van H. Walinga: Liturgie, vorm op Zondag, voorbeeld in de week. Met toestemming van die outeur vir Kompas vertaal en bewerk deur Karina Ijlst. ¤

Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:

Junie 2005: Die verstaanbaarheid van die Bybel
Julie 2005: Christus se Kerk
Augustus 2005: Afrika konflik
September 2005: Rondom die dood

BEWONDER EN BEWAAR HIERDIE SKAT (I)

JD Baas

OPVOEDING EN ONDERWYS

GEREFORMEERDE ONDERWYS EN DIE VERBOND

Die verbond en die doop as kenmerke van Gereformeerde onderwys; is dit nie 'n bietjie outyds nie? Daaroor het dit gegaan in 1948. Nou leef ons in 2005. Het dit nie tyd geword om die grense te verskuif nie?

Dit val my nogal op dat wanneer jy die kern van gereformeerde onderwys omskryf i.t.v. "verbondsonderwys", jy gereeld mense met gefronste wenkbroue kry. Sommige kyk jou meerwaardig aan en sê dan: "Dit klink na pragtige woorde wat waar is, maar tye het verander. So het ons daaroor gepraat in die tyd van die Vrymaking. Vandag het dit meer sin om ander temas te gebruik; temas wat beter pas vir vandag."

Middel Mei 2004 was daar 'n boeiende internasionale kongres gereël deur en vir gereformeerde onderwys. Op die konferensie was daar afgevaardigdes van gereformeerde skole uit Korea, Australië, Suid-Afrika, Kanada en Nederland. Dit was hoog tyd om na vyftig jaar weer 'n goeie balans te kry: Wie is ons nou eintlik en waarheen is ons op pad. Op sigself is dit by voorbaat goed vir elke organisasie om bg. vrae af te vra. Dit help jou om nie in 'n groef te val nie, maar om met vars idees verder te gaan. Tydens die kongres is daar nie duidelike antwoorde gegee op hoe die pad verder moet loop nie. Daaroor kan 'n mens via die internet verder diskusseer. Die doel van hierdie artikel is om 'n bydrae te lewer vir stof tot nadenke t.o.v. gereformeerde onderwys.

IS VERBONDSONDERWYS "PASSÈ" (VERLEDE TYD)?

Wie ook al gereformeerde onderwys op die hart dra, sal hierdie vraag beslis nie met 'n 'ja' beantwoord nie. Wel word ervaar dat dit nie meer 'n sentrale tema vir die onderwys is nie. Sommige voel dat dit nie meer so sterk oor die doop moet gaan nie. As argument gebruik mense die volgende: Dit het net voor die vrymaking afgespeel, toe dit juis om die verbond en die doop gegaan het. Op heelwat gereformeerde skole word nie-gedoopte kinders nou ook toegelaat van o.a. evangeliese ouers. En bo dit alles, sê hulle, is die vraag of die doop vanuit die Bybel wel soveel klem moet kry. Moet ons die verskil so erg beklemtoon? Maak dit soveel verskil of jou kind nou opgedra of gedoop is? Dit kom tog op dieselfde neer?

VERBOND EN DOOP

Dit lyk of gevoelsargumente die botoon voer om betekenis van die kinderdoop te verkleineer. Asof dit die ouers se eie keuse is om hulle kind te laat doop al dan nie. Aan die ander kant mag die doop ook nie plaasvind uit gewoonte of bygelowigheid nie. Die doop is nie 'n keuse van die ouers nie. Dit vind sy grond in die beloftes van God.

Die doop is 'n seël van die egtheid van God se beloftes aan sy kinders. God sê in sy eie Woord dat kinders van gelowige ouers daarmee saam kinders van die belofte is, sy persoonlike eiendom. (Gen. 17:7, Hand. 2:39 en 1 Kor. 7:14). En daarom behoort hulle gedoop te word. Dat hulle deur Hom uitverkies is om sy ryke beloftes te mag ontvang, is geen verdienste nie, maar God se onnavolgbare genade. Die doop is nie 'n bevestiging van 'n aanwesige geloof nie, maar 'n bewys, 'n seël van die egtheid van God se beloftes aan kinders. Hy het die opdrag gegee om die teken ook aan kinders te gee (Matt. 28:19; Hand. 2:39). Die kinders behoort net soos hulle ouers by God se verbond en sy gemeente. Deur die doop word hulle onderskei van die kinders van ongelowige ouers. Raak ons nog verwonderd daaroor? Gee dit nog 'n warm gevoel? Dan word dit mos nooit 'n saak van: ons weet dit al, hou maar op daaroor. Die verbond is die basis van jou bestaan. Die doop is nie slegs 'n bevel van God nie, maar ook 'n geweldige bewys van sy liefde. Waarom sou jy dan moeite daarmee hê of onverskillig daarmee omgaan?

'n BELOFTE IS 'n BELOFTE

Jy het beloof dat jy instem met die leer van die kerk en dat jy jou kinders daarin ook sou onderrig en laat onderrig. Hierdie belofte het jy afgelê by jou eie openbare geloofsbelydenis, en later ook by die doop van jou kinders. In feite het jy met jou jawoord ook ingestem met die woorde van die belydenis. Jy het belowe dat kinders gedoop behoort te word(HK v/a 74). Daarmee saam het jy gesê dat jy eenstemmig is met die Dordtse Leerreëls, dus ook met hoofstuk 1 artikel 17. Daar is kerklike weë, waarteen jy later besware het, op grond van gegroeide kennis wat jy uit die Bybel opgedoen het. Langs hierdie weg moet dit dan aan die orde kom. Ook dit het jy belowe. Jy kan nie maar net optree asof jy nie meer agter hierdie beloftes staan nie, sonder om die gevolge daaraan te verbind nie. Verder staan o.a. in HK v/a 38 dat daar gesorg moet word vir die instandhouding van die skole. Gesien in die kader waarin dit staan (vierde gebod), mag jy veronderstel dat dit ook gaan om skole wat onderwys gee in die leer van die kerk. Ook daar het jy met jou belofte, in feite jou handtekening daaronder gesit. Ten slotte het jy via die huweliks-

formulier en later by die doop belowe dat die kinders wat in ons sorg toevertrou is, onderwys sal word in Gods beloftes.

JY HET BELOWE DAT JOU KINDERS ONDERWYS SAL WORD IN GOD SE BELOFTES

In kort het jy die belofte verskeie male afgelê, wat jy nie net kan ignoreer nie. Hierdie beloftes is voor God se aangesig afgelê, met die hele gemeente as getuie van jou jawoord. Dan moet jy ook daarvoor instaan en dit tot uitvoer bring.

VERBOND EN ONDERWYS

Wat maak die verbond so belangrik vir die onderwys? Die mooie van die verbond is tog juis dat dit nie my keuse is nie, en ook nie my soeke na God nie. Nee, in sy groot liefde het Hy *jou* uitverkies, *jou* opgesoek, aan *jou* sy ryke beloftes van vergewing van sondes en 'n ewige lewe gegee. Het jy enige aanleiding daartoe gegee? Jou vroom hart, jou keuse? Absoluut nie! Uit die hele Bybel kan jy lees dat God altyd eerste is. Waarom? In Eseg. 36:22-27 staan daar 'n wonderlike antwoord:

22 Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het.
23 En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken.
24 En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.
25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.
26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.
27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Sonder dat daar by die volk Israel tydens ballingskap 'n teken van omkeer te bespeur was, spreek die HERE hierdie woorde. Vers 22 is dan ook baie opvallend. Dit is tipies God. So is Hy, onnavolgbaar, omdat Hy God is. Die Allerheiligste, totaal anders.

VERWONDERING OOR DIE FEIT DAT GOD SE KEUSE VIR JOU SY INISIATIEF IS.

Dit mag die eerste kenmerk wees vir gereformeerde onderwys: Verwondering oor die feit dat God se keuse vir jou sy inisiatief en sy werk is. Ook jou gelowige antwoord, kom van Hom (Fil. 2:13).



DIE GOD VAN DIE VERBOND

'n Ander aspek wat in die Bybel na vore kom, is hoe die Here God Homself aan sy volk voorstel. Daarvoor moet ons teruggaan na die brandende braambos (Ex.3:13-15). Daar stel Hy Homself via Moses aan sy volk voor as die "EK IS": dit wil sê die God van die verbond. In die Statevertaling en in die 1951 vertaling staan HERE in hoofletters wanneer dit oor die God van die verbond gaan. Verskeie ander vertalings laat hierdie onderskeid heeltemal weg en verarm die vertaling op hierdie punt. Elke keer as jy "HERE" met hoofletters sien staan, gaan dit dus oor die God van die verbond. Die God wat verder met jou wil gaan, vir ewig. Let byvoorbeeld op die opskrif bo die wet. Die woord wat vir die wet gebruik word, is "tora". Dit kan jy ook vertaal met lewensweg. In die wet staan jou weg na die lewe beskryf. En wat staan daar bo as opskrif? Ek is die HERE jou God, wat jou uit die slawehuis uit Egipte gely het (Ex. 20:2). Jou hele lewe word dus bepaal deur die opskrif: Die God van die verbond, die Almagtige wat jou verlos het.

Dit moet dus die sentrale tema van die onderwys aan kinders wees en bly. Dit kan jy nie omseil nie. Daarvan sal die leerkragte vol moet wees. Daarmee kan hulle hulle laat vul in die kerk en in persoonlike Bybelstudie. Skoolbesture het as taak om hul leerkragte in die geloof voor te gaan en te stimuleer, bv. deur Bybelstudie in die bestuursvergadering, identiteitsonderwerping en funksionering en ook bevindelike gesprekke. Die verlossing en die God van die verlossing vorm die hart van die gereformeerde onderwys. Dit is nie 'n verouderde tema nie. Jy hoef nie te gaan soek na nuwe temas nie. Dit is die tema van die Bybel, van jou en my lewe. Gereformeerde onderwys staan of val met verbondsonderwys. Dit is die identiteitspapiere.

Die verlossing en die God van die verlossing vorm die hart van die gereformeerde onderwys. As dit weggegee word, is die onderwys sy bestaansreg kwyt.

In 'n volgende uitgawe sal meer gesê word oor die invulling van bg. artikel.

Hierdie is 'n artikel van J. Baas uit Nederland, vertaal deur sr. J. Meijering. ¤

‘SINODE MOET GEESTELIKE LEIERSKAP TOON’

- Sinode Amersfoort 2005 Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrygemaak)

Ds. E Viljoen

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Hiermee plaas ons ‘n berig (vry vertaal) wat vroeg in Maart 2005 geskryf is deur Roel Sikkema in die Nederlands Dagblad met enkele opmerkings van ondergetekende daarby vir u kennisname. Die belang van hierdie berig lê vir ons in die aandag vir die geestelike leierskap wat moet uitgaan (óók) van ‘n sinode en die aktualiteit van talle sake op die agenda van die susterkerke van die VGKSA in Nederland. Aspekte soos ons verstaan van die vierde gebod sedert Christus op aarde gekom het en die hantering van moeilike aspekte romdom egskeidings van kinders van die Here, gaan ons nie verby nie. Ons kan probeer om die vrae te ignoreer, maar doen nie reg aan die Christelike lewenstyl, as ons nie in alle erns met hierdie belangrike aspekte van die Christelike etiek omgaan nie.

Nog een week (intussen het die sinode reeds amptelik begin op Saterdag 12 Maart 2005 – E.V.), dan begin in Amersfoort die Vry--gemaakte Gereformeerde Algemene Sinode. Wat kom daar aan die orde? Gaan dit om die kern van kerkwees, of slegs om bysake? En sal die hierdie sinode daarin slaag om die onrus in die kerke weg te neem? Hierdie is ‘n vooruitskouing.

ONRUS

Wie die kerklike ontwikkelings volg, sien binne die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) heelwat onrus. Onder andere oor die sondagsrus, nuwe gesange, die invloed van die evangeliese beweging en die gawes van die Heilige Gees. In die periode na die vorige sinode (dié van Zuidhorn-2002), het sowat een duisend vyfhonderd mense die kerkverband verlaat. Die “nuwe vrygemaaktes” is van mening dat die GKN nie werklik meer gereformeerd is nie. Volgens hulle kan dit nie met allerlei moderne gesange, ‘n karakterlose houding ten opsigte van egskeidingsake, ‘n steeds sterker wordende skrifkritiek en minder aandag vir die heiliging van die Sondag.

Maar dit is nie net die “nuwe vrygemaaktes” wat die kerk (verband) verlaat nie. Die afgelope paar jaar wyk ook ‘n groot aantal mense – waarskynlik heelwat meer as die duisend-vyfhonderd – uit na sogenaamde “evangeliese gemeentes” aangesien hulle voel die kerk is te strak-gereformeerd. Dikwels het hulle geen probleem met die leer van die kerk nie, maar wel met die belewing van die geloof in die GKN. Volgens hulle kan die belewing maar bietjie meer uitbundiger wees en ‘n baie groter klem kom op die ervaring van die geloof.

In byna die helfte van die GKN gemeentes bestaan onrus oor die binnekerklike ontwikkelings. Laasgenoemde blyk uit ‘n oorsig in die jaarlikse Handboek van die kerke. Hoe sal die sinode met hierdie ontwikkelinge omgaan?

TEGNIES

Talle deputaterapporte bevat allerlei nogal tegniese reëlings. Tog is daar enkele rapporte wat ingaan op kwessies wat met die nuwe vrymaking te doen het. Laat ons maar kyk na die rapport van die Deputate Egskeiding. In hulle nuwe rapport werk hulle verder met opmerkings wat op die sinode van Zuidhorn na aanleiding van hulle eerste rapport gemaak is. Hulle het ook geluister na reaksies van lidmate van die kerke deurgegee aan hulle.

Hierdie deputate probeer nou om hulle standpunte nou duideliker te verwoord: “deze deputaten nu duidelijker hun standpunt te verwoorden: egskeiding mag nie; maar met die rug teen die muur moet mens soms aanvaar dat sommige huwelike nie langer kan voortbestaan nie”.

Van verdere belang is ook die rapport van die studiedeputaatskap “vierde gebod en Sondag”. Daarin word ‘n onderbouing gegee van die verhouding tussen die Ou-Testamentiese Vierde Gebod en de hedendaagse sondagsheiliging, omdat daar verwarring ontstaan het oor vorige sinode-uitsprake.

In die kerke kom daar, rofweg gesê, twe menings voor:

1. die Gereformeerde sondagsheiliging wat sterk gefundeerd is op die Vierde Gebod, oor die sabbatsheiliging.
2. die huidige sondagsheiliging is ‘n menslike instelling, wat wel op Bybelse gegewens gefundeer is. Die deputate kies ‘n “derde weg”.

Die regstreekse verbinding met die Ou Testament kan hulle nie altyd waar maak nie, maar die sondagsheiliging is vir hulle meer as net ‘n menslike instelling. Hulle sien dit as ‘n belangrike kerklike leerstuk, vergelykbaar met die dogma van die Drie-eenheid of die kanon van die Bybel (die vasstelling van die 66 Bybelboeke wat die volledige openbaring van God se Woord bevat).

IMPAK

Volgens die gereformeerde kerkreg mag op ‘n Algemene Sinode slegs sake behandel word wat deur die plaaslike kerke via die klassis en die provinsiale sinode na vore gebring is. Deputaterapporte is daarom ook uitwerkings van dergelike versoeke en in prinsipe geen selfstandige werkstukke nie. Deputate kan daarom ook nie uit hulleself voorstelle maak om die onrus aan te spreek nie.

Opvallend is daarom twee versoeke wat vanuit die kerke op die sinodetafel tereg gekom het. In die eerste plek ‘n versoek, afkomstig uit die streek Hardenberg, dat daar ‘n “handreiking” moes kom. Volgens ds. P.J. Trimp uit Heemse (Hardenberg) is sowel die vertrek van die

"nuwe vrygemaaktes" as dié van die "evangeliese vrygemaaktes" 'n aanleiding. "Ons vra ons af: hoe kon dit gebeur het? Waarom kon ons hulle nie behou nie?"

Die antwoord op die vraag wat daar presies in so 'n handreiking sou moet staan, laat ds. Trimp aan die Algemene Sinode oor. "Dit gaan daarom dat ons daarin positief verwoord hoe ons saam Gereformeerde kerke kan wees."

In 'n toeligting van die Provinsiale Sinode van Overyssel, wat die versoek van Hardenberg op die sinodetafel van Amersfoort plaas, word 'n aantal vrae gestel oor moontlike oorsake van die onrus: Hoe gaan ons as kerke om met sinodebesluite en afsprake in die kerkorde? Groei ons miskien uit mekaar in verband met toelating tot die nagmaal en die uitoefening van die kerklike tug? Besef die Algemene Sinode die impak van bepaalde besluite voldoende?

ALGEMENE UITSPRAAK

Die tweede versoek het betrekking op die rapport oor die Vierde Gebod en die Sondag. In Gelderland, met name in die kerke van Nijmegen en Hattem-Sentrum, leef die wens dat die sinode daaroor 'n konkrete uitspraak sal maak. In sommige uitlatings uit die kring van Reformanda (vereniging waarin sterk leiding gegee word deur ds. P van Gurp wat as enigste "predikant" van die "Nuwe Vrygemaaktes" op die oomblik funksioneer, E.V.), word die indruk gewek dat die Sinode van Zuidhorn die onderbouing van die sondagsheiliging nie tot sy reg laat kom nie. Wanneer die Sondag nie meer 'n instelling is wat gebaseer is op die Vierde Gebod as goddelike instelling nie, sou die basis onder die sondagsheiliging verval het. Daarmee sou implisiet uitgespreek wees dat niks meer teen sondagswerk ingebring kan word nie, aldus talle "nuwe vrygemaaktes".

Die Provinsiale Sinode van Gelderland het die voorstel uit Hattem oorgeneem, 'n paar woorde in verander en stel nou voor dat die Gereformeerde Kerke aan die Sondag die besondere waarde van rusdag toeken "in gehoorsaamheid aan die Skrif, in gelowige antwoord op die leiding van die Heilige Gees en in verbondenheid met die onderwys van die kerk oor die betekenis van die Sabbat volgens die Vierde Gebod soos verwoord in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus''.

Die regstreekse verbinding met die Vierde Gebod is belangrik, sê ds. L.W. de Graaff uit Hattem. "Op hierdie manier word onduidelikheid rondom die oorsprong van die Sondag as rusdag weggeneem. Daarmee kan daar ook 'n einde kom aan die gerug dat die Vierde Gebod binne ons kerke afgeskaf sou wees.''

Volgens De Graaff perk die voorgestelde uitspraak nie een van die bestaande visies oor de betekenis van de Sondag in. ,,Ruimte vir die verskille was daar altyd gewees. Kyk maar na die verskil tussen die Heidelbergse Kategismus en die Westminster Konfessie op hierdie punt. Beide belydenisse word deur die IKGK (Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke, waarvan die GKN lid is) as gereformeerd aanvaar."

BESWEER

Nou bly nog die vraag oor of die sinode wel sulke uitsprake, wat kennelik die onrus moet besweer, moet doen. Sou dit werklik weggeneem word? Ds. Trimp dink wel so. "Hierdie voorstel is uit nood gebore, maar stel 'n positiewe vraag: wil en kan die sinode alle kerke dien met 'n vredestigtende handreiking, of een getuienis?''

As die voorstelle van die deputate oorgeneem word, bied die sinode in Amersfoort handreikings oor "huwelik en egskeiding" en "Vierde Gebod en Sondag." Ds. Trimp is positief daaroor. "Daarmee wys mens 'n weg en soek jy die vrede en harmonie in die kerke. Ek dink dat ons juis in hierdie tyd van individualisering, subjektivering, onderlinge vervreemding en gebrek aan verdraagsaamheid baie nut van sulke handreikings kan hê. Daardeur kan plaaslike probleme miskien beter onderskei en bewuster aangepak, mekaar ruimte gegee en die gevare ontdek word, waardeur mens mekaar andersins sommer kan verloor."

Ook ds. de Graaff vind dit goed dat die Algemene Sinode dergelike handreikings maak. "My vertrekpunt t.o.v. die saak van die Vierde Gebod en die Sondag staan in die raamwerk van wat deesdae soms geestelike leierskap genoem word. Dit gaan hier om 'n belangrike Bybelse tema, net soos trouens die werk van die Heilige Gees wat nou ook sterk in die aandagsveld van baie staan."

Ds. de Graaff erken dat kerklede nie in afwagting sit en wag op "van bo af opgelegde" uitsprake nie. "Maar dit beteken andersins ook nie dat 'n Algemene Sinode sy mond maar moet hou en sê: dit kan sus en dit kan so, kies nou maar self. Nee, wanneer daar konkrete vrae gestel word, is dit 'n vorm van geestelike leierskap om daaroor 'n duidelike antwoord te gee. Dan gee jy leiding deur te oortuig."

Tot sover Roel Sikkema. Ons sal probeer om as redaksie van Kompas u op hoogte te hou van enkele van die belangrikste besluite en die belang vir ons eie kerklike situasie in Suid-Afrika aan u deur te gee (E.V.) ¤

DIE DIAKONALE GEMEENTE

Watse en Petrie Eefting

BOEKBESPREKING

Hoe gee ons as Christene inhoud aan die groot gebod van naasteliefde in die wêreld buite ons kring? Dis die vraag wat bespreek word in die boek "De Diakonale gemeente" geskryf deur ds. Gerrit Riemer en uitgegee deur Diaconaal Steunpunt en De Verre Naasten.

Die opdrag van diakonaat is in die eerste plek toevertrou aan die gemeente. Die diakens mag die gemeente daarin voorgaan, help en stimuleer. In hierdie boek kom die nood in die gemeente sowel as die nood in die wêreld na vore. Die samehang en die verhouding van die missionêre en diakonale taak van die gemeente word bespreek. Evangelie verkondiging beteken mos om die Evangelie te verkondig. 'n Mens sal diakonaat kan verduidelik as die sigbare liefde van Christus.

Hieroor handel die boek van ds. Riemer. Dis 'n verrassende boek in die sin dat dit 'n lees- en kykboek is. Die boek kom ietwat vreemd voor vir die gereëlde leser, maar dit is juis so geskryf vir die kerke in Indonesië. Op versoek is dit deur ds. Riemer vertaal en aangepas vir die Nederlandse kerke. Die boek is soos 'n kraleketting waarvan elke kraaltjie sorgvuldig bekyk behoort te word. Op elke twee bladsye wat jy oopvou, moet die regterbladsy eers gelees word. Die linkerbladsy gee aanvullende informasie ('n tekening, 'n oorsig, 'n Bybelteks, 'n slagspreuk ens.) wat pas by die regterbladsy.

Dis 'n groot aantal skakels wat op logiese wyse aan mekaar verbind is. Elke skakel vorm 'n stappie op pad na 'n beter verstaan en 'n beter organiseer van wat miskien die belangrikste deel is van ons Christelike lewe: hoe gee ons inhoud aan die groot gebod van die naasteliefde?



BEOORDELING

Al met al 'n leersame boekie. In die eerste instansie het ons maar 'n bietjie vreemd teenoor die uitleg van die boek gestaan. Die skrywer slaag egter daarin om die belang van die diakonale lewe in die gemeente te beklemtoon. Dis baie insiggewend om die verskillende krale van die ketting te bekyk, te lees en te ondersoek. Ons insiens sal die boek baie meer aanklank vind in die Nederlandse kerklike samelewing as vir ons hier in Suid-Afrika. Daar is dele, foto's, segswyses wat in Nederland populêr oorkom, om dit nou maar so te sê, maar wat hier in Suid-Afrika anders gewaardeer word. Nie dat 'n mens die een of die ander wil veroordeel nie, maar daar is verskeidenheid wat 'n mens nie moet probeer ontken nie.

Die skrywer maak gebruik van baie aanhalings uit die Bybel wat 'n mens weer sal lees, sal ondersoek en binne konteks kan plaas. Die Bybel is mos ons Enigste Bron. Dit was vir ons dan ook totaal onvanpas om in die hoofstuk oor Bybelse beweegredes 'n aanhaling uit die Koran te plaas. Dit kan al gou so oorkom dat die Bybel op dieselfde lyn staan as die Koran. 'n Mens mag hoop dat die term "gelykheid" nie te ver deurgevoer word nie.

In daardie selfde hoofstuk is daar ook 'n aanhaling uit die Belydenis van Belhar (1986) met die vraag daarby of ons terugskrik vir die konsekwensies van die bovermelde aanhaling. In die aanhaling handel dit oor barmhartigheid en geregtigheid wat moet geskied. Die Bybel self is baie duidelik daaroor hoe ons ware barmhartigheid en geregtigheid moet bewys teenoor mekaar. Ons het daar geen ander, mensgemaakte belydenisse of versinsels by nodig nie. Soos die skrywer self in sy boek skryf, is Jesus Christus die Ware Diaken, wat bereid was om sy lewe af te lê as losprys vir ons. 'n Mens wil dan graag net uit die Bron leer, lees en onderwys word hoe jy 'n ware navolger van Christus kan wees.

Vanuit die gemeenskap van die heiliges trek die skrywer, ons insiens, té gemaklik regstreekse lyne na die hele wêreld, na die verre naaste. Maar weer eens, dis seker te verstaan vanuit die Nederlandse kerklike samelewing waar die hulp aan die verre naaste baie aandag kry a.g.v. die verskillende organisasies. Die gevaar is dat die oë, ore, hande en voete so ver uitgestrek word na die verre naaste dat daar vergeet word van die nood wat daar binne kerke is en in die nabye omgewing.

Dit bly steeds belangrik om 'n goeie balans te handhaaf en diakonaal te werk in afhanklikheid van die Here. Die gevaar is steeds weer aanwesig dat die diakonale taak, net soos dit die geval was in die Middeleeue, 'n eie lewe gaan lei en ver verwyder is van die gemeente, omdat dit oorgelaat word aan organisasies.

Reeds in die 4e eeu het dit ook gebeur dat die diakonale taak gesien is as 'n seën van die gewer! Die ekonomiese hulp wat gegee word, is gesien as 'n geleentheid vir die gewer om iets goeds te doen en nie as 'n manier om struktureel hulp te bied aan swakkeres nie. Die swakke het dus afhanklik gebly, omdat hierdie houding 'n nog groter ekonomiese neergang by die swakkere bewerkstellig het.

Ook vandag is hierdie situasie nie onmoontlik nie. Laat ons steeds biddend en werkend besig wees met ons diakonale taak in totale afhanklikheid van Jesus Christus.¤

~IN MEMORIAM~

Dalene Matthee (1938 – 2005)

Louise Haak

SUID-AFRIKAANSE SKRYWERS

"Die populêrste Afrikaanse skrywer na Langenhoven ..."
So het een van die kenners reageer op die nuus dat die gewilde Afrikaanse skrywer Dalene Matthee onlangs op 66-jarige ouderdom in 'n hospitaal in Mosselbaai oorlede is.

Dalene Matthee (neé Scott) is in 1938 op Rivers-dal gebore. Sy het in 1957 daar gematrikuleer, en aan 'n musiekskool op Oudtshoorn en by die Holy Cross Convent op Graaff-Reinet musiek-opleiding ontvang.

Voordat sy oornag roem verwerf het met haar eerste bosroman, het Dalene tydskrifverhale geskryf en twee populêre romans gepubliseer: *'n Huis vir Nadia* (1982) en *Petronella van Aarde, burgemeester* (1983). Haar eerste boek was 'n kinder-verhaal, *Die twaalfuurstokkie* (1970) en in 1982 het daar ook 'n bundel kortverhale, *Die Judasbok*, verskyn.

Die meeste van ons haar as skrywer leer ken deur die bekende *Kringe in 'n bos* (1984). Die roman wat handel oor die uitwissing van olifante en die uitbuiting van houtkappers in die Knysna-bos. Dit was 'n internasionale sukses. Nog twee bosboeke het gevolg: *Fiela se kind* (1985) en *Moerbeibos* (1987). In 1993 het *Brug van die esels* verskyn en in 1995 *Susters van Eva. Pieternella van die Kaap* wat in Maart 2000 verskyn het, is later opgevolg deur *Toorbos* (2003), die laaste van die 4 bosboeke.

'n Mens staan verbaas oor haar sukses. Haar mees onlangse boek *Toorbos* se twee uitgawes het reeds meer as 35 000 eksemplare verkoop. Haar bekendste werk *Kringe in 'n bos*, het verlede jaar reeds 'n 20ste herdruk beleef. Hierdie boek van Matthee is in 15 tale vertaal, onder meer Nederlands, Frans, Duits, Spaans, Italiaans, Hebreeus en Yslands. Sy het die ATKV-prys vir goeie gewilde prosa vier keer verower en in 1993 het sy in Zurich 'n Switserse literatuurprys ontvang vir haar "lewenskragtige literêre werk en haar hartstogtelike belangstelling in natuurbeskerming".

Fiela se kind is later verwerk (1986) tot 'n gewilde rolprent, onder regie van Katinka Heyns. Haar boeke word al vir meer as 'n dekade voorgeskryf vir hoërskoolleerders en studente.

Wat oor haar as mens bekend is, is maar min. Haar oud-uitgewer Danie van Niekerk beskryf haar as "baie interessant, gul en eksentriek." Sy het geglo in feetjies en natuurgeeste en was baie lief vir die see. Sy was ook versot op dobbel – of sy nou in Kaapstad of Europa was, het sy altyd graag 'n kasino gaan opsoek.

André P. Brink het, in die jare tagtig haar manuskrip van *Kringe in 'n bos* gelees en besef dat dit iets besonders is. "Ek was veral beïndruk met die gloed en geesdrif van haar skryfwerk. Na *Fiela se kind* was dit egter vir my asof ek die vonk in haar skryfwerk gemis het. Dalk het haar boeke te populêr geword. Dit was eers met *Toorbos* dat ek weer die ou vonk herken het, dit wat destyds soveel belofte getoon het," het Brink gesê.

Volgens die joernalis Amanda Botha, wat persoonlik bevriend was met Matthee, was sy 'n "storieverteller sonder weerga; sy het die Afrikaanse vertelkuns ontsettend verryk deur verhale op 'n meesleurende en menslike wyse te vertel. Sy het ook vir vernuwende aspekte in die Afrikaanse leefwêreld gesorg, soos die ekologiese waardering vir die Knysna-bos se fauna en flora en die kyk na 'n groep mense op die kantlyn van die lewe, naamlik die bosbewoners. Sy het 'n betekenis, menslikheid en siel aan hul bestaan gegee."

"Sy het die taal vernuwe met 'n ontsaglike klomp nuwe of voorheen onbekende woorde en frases. Veral in die bosboeke, maar ook die seevaartterme en gebruiksterme in 'n boek soos *Pieternella van die Kaap*. Wat veral in haar boeke uitgestaan het, is die grondige navorsing wat sy gedoen het. Dan Sleigh (redakteur van die transkripsie afdeling van die Kaap se argief en self skrywer van verskeie boeke) was vir jare haar hoofnavorser en het selfs saam met haar na Mauritius gereis. Die ondervinding om saam met Matthee te werk was een van die hoofimpulse wat gelei het tot die skryf van sy boek *Eilande*."

"Op 'n meer persoonliker vlak: Matthee was iemand wat graag stories vertel het. Sy was 'n mens met 'n heeltemal eksentrieke siening van die geskiedenis en die lewe. Sy wou Jan van Riebeeck se standbeeld in Kaapstad afgebreek het en dit met een van Eva (uit *Pieternella van die Kaap*) vervang het, omdat sy vas geglo het sy hoort eerder daar! Sy was verslaaf aan koffie en het 'n eie lewenspatroon gehad."

"Ondanks haar eksentrieke gedrag en selfspottende persoonlikheid was sy 'n ernstige en toegewyde kunstenaar. En sy was 'n vrolike mens. Sy was ook 'n belese en berese vrou. Daar is beslis 'n intellektuele agtergrond. Maar sy sal veral onthou word vir haar medemenslikheid wat veral die gewone leser aangegryp het," het Botha gesê.

Dalene Matthee het kort voor haar dood haar negende roman, *Die uitgespoeldes*, voltooi. Dit sal in September a.s. in Afrikaans en Engels verskyn. Die boek speel af in die Overberg-distrik teen die agtergrond van die 19de eeu.

Dalene Matthee word oorleef deur drie dogters.

Bronne: Litnet en Tafelberg Uitgewers se werftuistes.¤